HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT SKAAK

Almal wat graag wil skaak speel, is welkom om by Hoërskool Waterkloof se skaakprogram in te skakel. Ons skryf nege spanne vir die skoleliga in. Hoërskool Waterkloof is tans die SA-kampioene in die volgende afdelings: o.19-ope, o.19-dogters, o.15-ope en o.15-dogters. FM Nicholas van der Nat is die afrigter. Verskeie Klofies kwalifiseer jaarliks vir die Suid-Afrikaanse Junior Geslote Kampioenskap en SA-kleure.

DOELWITTE

Ons wil die SA-Skolekampioenskap in al vyf afdelings wen.

AFRIGTING

FM Nicholas van der Nat, 'n FIDE-afrigter, rig al die Klofiespanne af.

KLOFIES SKAAK

NAVRAE

Judy-marie Steenkamp
Organiseerder: Skaak
judy-marie.steenkamp@klofies.co.za

DEELNAME

Die Waterkloof Ope Toernooi word jaarliks aangebied. Ons neem aan die Grey Kollege Uitnodigingstoernooi deel, asook aan die skoleliga van distriks- tot op nasionale vlak.

KOSTES

Toergeld is nie deel van skoolfonds nie en is vir die onderskeie skaaktoere betaalbaar.

OEFENTYE

Dinsdag en Donderdag vanaf 18:00 tot 20:00 in die skaaklokaal by die skool.

SPESIALE VEREISTES

Geen spesiale vereistes word vir Skaak benodig nie – alle belangstellende Klofies is welkom.

#grensloos